HTS Drostdy

Gedragskode vir koshuise

Hierdie dokument is die koshuisbeleid van HTS Drostdy soos die Beheerliggaam dit goedgekeur het. Die beleid is opgestel ooreenkomstig die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 (‘Die Skolewet’); die Norme en Standaarde vir Skoolfinansiering, en toepaslike provinsiale wetgewing.

_____ _____

VOORSITTER PLEK

_____ _____

SKOOLHOOF DATUM

INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE 2
1. VOORWOORD 3
2. HERTOELATING 3
3. ALGEMENE REGLEMENTE: 4
4. STILTETYD EN KERKBYWONING 5
5. INSPEKSIE 5
6. KAMERS / GEBOUE 6
7. LIGTE-UIT EN LAATSTUDIE 7
8. STUDIE 7
8.1 LEERDERS WAT IN DIE STUDIESALE STUDEER. 7
8.2 LEERDERS WAT IN DIE KAMERS STUDEER 8
8.3 EKSAMENSTUDIE 8
9. EETSAAL 9
10. BEDDEGOED 10
11. BADKAMERS 10
12. WASGOED 10
13. SIEKTE & BESERINGS 11
14. SAKGELD 12
15. BESOEKE 12
16. VERLOF 12
17. BELEID EN PROSEDURE: TERREIN VERLAAT 14
18. BELEID – BESOEK VAN GIMNASIUM 14
19. MOTORVOERTUIE 16
20. ONTGROENING 16
21. APPARAAT 16
22. BELEID: SELFONE EN REKENAARS 16
23. BELEID – YSKASTE IN KOSHUISKAMERS 17
24. TELEFOON 18
25. SWEMBAD 18
26. VERBODE TERREINE 18
27. DISSIPLINÊRE STRUKTUUR / TUG 18
28. BELEID: PORNOGRAFIE EN SEKSUELE PRAATJIES 23
29. DROSTDY SE SKORSING EN UITSETTING 23
30. DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET 84 VAN 1996 24
31. KOSHUISWAPENS 25
32. GEDRAGSKODERING 27

1. VOORWOORD

Die onderstaande reglemente is onvermydelik vir 'n ordelike en gelukkige samelewing en moet daarom stiptelik nagekom word. Die samewerking van alle ouers en voogde ten opsigte van die onderstaande reglemente is noodsaaklik.

Leerders sal hulle aan die toesig en tug van die koshuis onderwerp en gehoorsaam wees aan die superintendente, personeel en huiskomiteelede. Die koshuisleerders sal hul geensins bemoei met die take van die werkers nie en sal, waar hul in kontak met diesulkes kom, hulself waardig gedra, sodat wedersydse respek en agting gekweek kan word.

Drostdy het 'n lang en ryke tradisie waarop ons baie trots is. In ons koshuise poog ons om voort te bou op hierdie tradisie, daarom moet ons sekere koshuisreëls nakom. Elke ouerhuis het sy eie reëls vir eet, slaap, ens. Elke koshuis bestaan uit 'n huishouding van ongeveer 150 leerders vir wie se veiligheid, liggaamlike en geestelike welsyn ons verantwoordelik is, en vaste reëls onontbeerlik is. Daarom verwag ons dat die volgende reëls nougeset deur ouers/voogde en leerders eerbiedig sal word, en dat leerders selfdissipline sal toepas en hul samewerking gee.

Ouers/voogde moet minstens een maand skriftelik kennis gee aan die skool en koshuis indien hul kind die koshuis gaan verlaat. Die koshuisgelde is streng vooruitbetaalbaar. Let ook dat matrieks betaal vir die volle jaar.

<u>Leerders se verantwoordelikheid</u>:

- Gehoorsaam die instruksies van die personeel, senior leerders en enige ander volwassenes.
- Tree verantwoordelik op en koester die veiligheid en regte van ander.
- Respekteer die eiendom van die skool, koshuis en ander.
- Wees hoflik en respekteer die eiewaarde van ander.
- Wees eerlik en tree met integriteit op.
- Wees altyd betyds en stiptelik.
- Respekteer die privaatheid van ander asook hul besittings.
- Verstaan dat, wanneer by die skool of onder die skool se toesig is, die skoolhoof en personeel die reg het om in *loco parentis* op te tree en die gesag het om te verhoed dat 'n leerder homself/haarself beseer of in gevaar stel.
- Waardeer en verstaan dat ander leerders en personeel ook regte het en dat almal toegelaat moet word om Drostdy se unieke atmosfeer te geniet, waar dissipline en orde in 'n veilige omgewing geniet kan word sodat opvoeding effektief kan plaasvind.
- Aanvaar regverdige dissiplinêre optrede, indien nodig.

2. HERTOELATING

Die skool behou die reg voor om ‘n leerder te versoek om heraansoek te doen vir toelating vir ‘n volgende kwartaal en/of akademiese jaar. ‘n Leerder se hertoelating in die koshuis vir 'n volgende jaar, is onderhewig aan 'n keuringsproses. Die skoolhoof behou die reg voor om 'n finale besluit te neem na gelang van aanvraag vir en beskikbaarheid van koshuisplek.

Gedurende hierdie keuringsproses sal die volgende oorweeg word:

- Leerders se akademiese rekord.
- Die aantal aande wat die leerder uitgeslaap het.
- Die aantal dissiplinêre punte wat die leerder geakkumuleer het.
- Die aantal en aard van oortredings.

- Die leerders se dissiplinêre rekord by die skool.
- Die finansiële stand van die leerder se koshuisrekening.

Ons is daartoe verbind om, sover dit binne ons vermoë is, aan alle leerders 'n veilige, rustige en aangename tuiste te bied waar hulle kan studeer, rus, ontspan en aan hulle buitemuurse aktiwiteite kan deelneem. Om te verseker dat leerders 'n positiewe invloed op mekaar het, en ook omdat ons nie oor die infrastruktuur beskik om leerders met ernstige persoonlike probleme te huisves en versorg nie, sal daar deur die jaar gekyk word na die volgende faktore as voorvereiste vir volgehoue koshuisverblyf.

- Die skoolhoof behou die reg voor om leerders wat ernstige oortredings begaan, se koshuisverblyf onmiddellik te staak in ooreenstemming met die dissiplinêre proses.

- Indien ons bo alle twyfel vasstel dat 'n leerder:
  - Aan erge chroniese depressie ly
  - Dreig om selfmoord te pleeg of 'n selfmoordpoging aanwend
  - Aan 'n dieetsiekte ly
  - Selfverminking toepas
  - 'n Emosionele las op sy of haar maats plaas deur voortdurend te huil en te kla oor hul huislike omstandighede
  - Groot hoeveelhede pille drink of dit snuif, of voorgee dat hy of sy dit snuif of drink of hom- of haarself inspuit
  - Ander leerders met opset bang maak of intimideer deur onwaar stories. Bv - Dat hy of sy mense kan vervloek of leed aandoen.
  - Hy of sy hul aan enige afwykende of ontstellende optrede skuldig maak
  - Hy of sy so onaanvaarbaar, irriterend of intimiderend gedra dat geen leerder met hom of haar 'n kamer wil deel nie
  - Afhanklik is van bedwelmende middels,

  sal ouers hul kind uit die koshuis moet neem sodat hy of sy behandeling vir die probleem kan ontvang. Hertoelating tot die koshuis sal slegs oorweeg word indien die superintendent 'n skriftelike verslag van 'n psigiater, sielkundige of dokter ontvang waarin daar verklaar word dat die leerder terapie ontvang het, en dat hul suksesvol in die koshuis behoort te funksioneer.

3. ALGEMENE REGLEMENTE:

3.1 Daar word van koshuisleerders verwag om Sondagaande in die koshuis te slaap of om op ‘n Maandagoggend voor 06:45 aan te meld.
Die inkomtyd op Sondagaande sal tussen 16:00 – 20:00 wees.
Leerders wat om ‘n rede laat inkom gedurende die week moet voor 18:30 in die koshuis wees.
Leerders mag nie koshuise binnekom of verlaat gedurende studie- en stiltetye nie.

3.2 Geen leerder mag in skooltyd koshuis toe gaan om boeke, take ens. te gaan haal nie.

3.3 Skooldrag mag slegs, indien nodig, in die middag gedra word, andersins moet dit reeds om 15:00 uitgetrek wees.

3.4 Geen besoekers, insluitende ouers en oudleerders, word in leerders se kamers toegelaat nie. Ouers mag op Sondagaande as hulle leerders inbring betrokke leerders help om hul bagasie na hul kamers te neem. By Noordsig, Stalshuis en Drostdy mag slegs mans en seuns help met die indra van tasse. By Bergsig mag slegs vroue en dogters help met die indra van tasse. Geen ouers mag alleen binne die koshuise wees nie.

3.5 Daar word van ‘n leerder verwag om voldoende skoolklere te hê sodat hy of sy ook op ‘n Saterdag skooldrag kan dra vir sportverpligtinge wat dit vereis.

4. STILTETYD EN KERKBYWONING

Gedurende stiltetyd moet daar deur die hele koshuis 'n rustige en gewyde atmosfeer heers. Alle leerders bly rustig sit om sodoende aan almal die geleentheid te bied om stiltetyd te hou. Elke koshuis het sy eie tyd vir stiltetyd soggens en saans.

4.1 Kamerdeure moet oop wees en leerders moet op hulle beddens sit met hulle voete wat aan die grond raak.

4.2 Geen geselsery of enige ander aktiwiteite soos bv. hare kam, aantrek, huiswerk doen, of eet sal toegelaat word nie. Leerders wat die Bybel of ‘n dagstukkieboek op hul selfone het, mag die selfoon gebruik vir Bybelstudie gedurende stiltetyd.

4.3 Daar word van leerders verwag om op Sondagoggende na ‘n erediens te gaan. Ouers moet self reëlings tref met die vervoer na en van die diens indien die diens buite loopafstand vanaf die skool aangebied word. Kerkbywoning mag nie inmeng met die tye van die koshuis nie en 'n leerder moet dus betyds terug wees vir middagete en saans om 20:00.

4.4 Leerders dra gewone netjiese klere vir kerk.

4.5 Kerke kan gedurende die week, op Dinsdae vanaf 18:30 tot 19:30, byeenkomste met koshuisleerders reël. Hierdie byeenkomste sluit in vergaderings, bybelstudie, klasse en sang. Geen byeenkomste op ander dae en tye sal toegelaat word nie, tensy dit deur die koshuisbestuur goedgekeur word. Sulke versoeke moet dus vroegtydig gemaak word, sodat dit vir goedkeuring voorgelê kan word.

5. INSPEKSIE

5.1 Gereelde inspeksies (Wat kasinspeksies insluit.) sal gedoen word. Daar word elke weeksoggend deur die HK voorkomsinspeksie en deur die diensdoenende personeellid kamerinspeksie gedoen. Daar word verwag van die diensdoenende personeel en leierskap in die koshuis om gereeld inspeksie te hou en dat kamers te alle tye netjies gelaat sal word.

5.2 Personeel kan ook gedurende die res van die dag inspeksie doen.

5.3 Die personeellid sal soggens kamers wat onnet is, rapporteer en artikels wat rondlê, sal gekonfiskeer word.

5.4 Die koshuise sal elke Sondagaand ‘n verpligte algemene netheidsinspeksie deurloop teen 21:00. Die personeellid aan diens en die HK sal hierdie inspeksie waarneem.
Matrieks word nie van inspeksie vrygestel nie en daar sal van hulle verwag word dat hulle kamers ‘n voorbeeld vir die res van die leerders sal wees.

6. KAMERS / GEBOUE

Elke leerder ontvang aan die begin van die jaar ‘n vorm wat die toestand van die kamer aandui en waarby die leerder dan teken om te onderneem om die kamer met inhoud aan die einde van die jaar in dieselfde toestand terug te besorg.

6.1 Duplikaatsleutels vir hangkasslotte kan aan die begin van die jaar, met 'n gemerkte sleutelhouer, waarop die leerder se naam, van, graad en toelatingsnommer staan, by die Superintendent ingehandig word. Leerders wat gebruik maak van kombinasieslotte kan die kombinasie van die slot ook by die superintendent ingee.

6.2 Hangkaste moet altyd gesluit wees. Sleutels of slotkombinasies moet onder geen omstandighede vir maats gegee word nie. Leerders moet nie sleutels in hul kamers los nie. Sleutels moet te alle tye by hulle gehou word.

6.3 Enige herstelwerk soos bv. stukkende krane, ruite ens. moet dadelik by die superintendent aangemeld word.

6.4 Indien 'n leerder koshuiseiendom breek of beskadig, moet dit dadelik aangemeld word by die onderwyser aan diens of die superintendent. Die skool sal die nodige vervanging of herstelwerk doen, maar ouers is verantwoordelik vir die vervangings- en/of herstelkoste. Hierdie kostes sal op die leerder se rekening geplaas word.

6.5 Dit is noodsaaklik dat elke leerder sy of haar kamer en kas netjies moet hou. Beddens moet te alle tye netjies wees.

6.6 Daar moet elke dag uitgevee word. Snippermandjies word soggens deur die leerders self leeggemaak.

6.7 Niks mag op die vensterbanke staan of op die vloer rondlê nie. Tasse moet bo op die kas gebêre word. Geen tasse onder beddens nie. Leerders wat trommels wil gebruik vir ekstra stoorplek, moet by die superintendent toestemming kry. Trommels mag nie die vloer beskadig nie.

6.8 Geen wasgoed mag oor die bedstyle of in vensters hang nie. Handdoeke moet netjies hang aan die handdoekreling of hakke wat voorsien is.

6.9 Slegs een sagte "troeteldier" of ekstra kussing per leerder mag op die bed wees. Geen lewendige troeteldiere word in die koshuiskamers toegelaat nie.

6.10 Geen prente teen mure. Slegs prente wat deur die superintendente goedgekeur is, mag binne die kaste aangebring word. Superintendente sal bepaal hoe die prente aangebring word.

6.11 Sodra kamerligte aangeskakel word, moet die gordyne toegetrek word. Na aandete moet alle gordyne toegetrek wees.

6.12 Geen leerder mag enige voorwerp by die venster uitgooi of enige iets by 'n venster uitskree nie en/of wasgoed by ‘n venster uithang nie.

6.13 Beddens mag nie teen mekaar geskuif word of in kamers rondgeskuif word nie. Geen meubels of matrasse word sonder toestemming geskuif, of in die kamers geplaas nie.

6.14 Verlengkoorde moet aan die elektriese standaarde voldoen. Verlengkoord moet net lank genoeg wees en mag nie opgerol in die kamer rondlê nie. Verlengkoorde mag nie in ‘n looparea lê nie. Verlengkoorde mag nie oorlaai word met te veel proppe nie.

6.15 Geen elektriese braaipanne, yskaste, ketels, verwarmers, elektriese komberse en mikrogolfoonde is toelaatbaar nie. Slegs een waaier word per kamer toegelaat. Yskaste word toegelaat as die voorgestelde beleid gevolg word.

6.16 Leerders wat bogenoemde apparaat wil aanhou en gebruik in die koshuis moet skriftelik aansoek doen by hul superintendent. Die aansoek sal voorgelê word voor die koshuisbestuur vir goedkeuring.

6.17 Geen harde musiek mag in die koshuis gespeel word. Musiek mag nie steurend wees en leerders in ander kamers pla nie.

7. LIGTE-UIT EN LAATSTUDIE

7.1 Na ligte-uit moet daar stilte en rustigheid in die gange heers. Alle ligte moet afgesit wees.

7.2 Geen leerder mag na ligte-uit stort, bad of rondloop nie. Na stiltetyd sal daar 5 minute gegee word waar leerders die badkamer mag besoek. Daarna mag daar slegs vir noodgevalle rondgeloop word.

7.3 Gr 12-leerders mag na ligte-uit in hul kamers studeer. Kamermaats moet egter in ag geneem word, en rustigheid moet heers.

7.4 Juniors mag in die studiesaal studeer tot 22:55. Daar moet absolute stilte in die studiesaal en gange wees.

7.5 Geen selfoon of tegnologiese apparaat mag na ligte-uit gebruik word nie. Geen SMS'e, oproepe, kyk van enige materiaal op 'n rekenaar of gebruik van sosiale netwerk sal geduld word na ligte-uit nie.

8. STUDIE

8.1 LEERDERS WAT IN DIE STUDIESALE STUDEER.

- Daar is verpligte studie saans vanaf 18:30 elke weeksdag. Ekstra klasse en tutoriale word gedurende middae bygewoon.

- Studietye moet stiptelik nagekom word.

- Besoeke van ouers en familie tydens studietyd word sterk afgekeur en slegs in uitsonderlike gevalle toegestaan.

- Met die lui van die waarskuwingsklok moet die leerders dadelik na die studiesale beweeg.

- Leerders mag slegs in die tweede deel van aandstudie goedgekeurde en ouderdoms-toepaslike boeke of tydskrifte lees indien hulle skoolwerk afgehandel is. Elektroniese apparaat mag dan gebruik word vir navorsing en werk wat verband hou met hul skoolwerk.

- Geen oorfone mag tydens studie en stiltetyd gebruik word nie.

- Niemand mag rondloop, vrae aan 'n maat vra, of vir 'n maat 'n vak verduidelik sonder goedkeuring nie.

- Geen leerder mag in slaapklere studiesaal toe kom nie.

- Geen koffie, tee of koeldrank mag tydens studie gedrink word nie. Niks mag geëet word tydens studie nie.

- Leerders mag tydens studiepouse na die kafeteria gaan, tensy die leerders se gedrag nie na wense was tydens studietyd nie.

- Aan die einde van die laaste studiesessie moet alles opgepak word en stoele onderstebo op die tafels geplaas word. Alle boeke moet weggepak word. Niks mag op die vloer rondlê of op die studietafel agterbly nie. Die studiesaal moet uitgevee en netjies agtergelaat word. Vensters in studiesaal moet na studie toegemaak word en ligte moet afgeskakel word. Die personeellid aan diens moet toesien dat dit gedoen word.

8.2 LEERDERS WAT IN DIE KAMERS STUDEER

- Dit is 'n voorreg om in jou kamer te studeer, nie jou reg nie.

- Studietye moet stiptelik nagekom word.

- Kamerdeure moet tydens studie heeltemal oop wees.

- Tydens studietye moet elke leerder by sy of haar tafel sit. Niemand mag op die bed lê, op sy of haar arms lê of slaap nie.

- Geen geselsery of rondlopery nie. Leerders moet voor die studieklok badkamer toe gaan.

- Geen musiek mag speel tydens studie nie.

- Selfone mag geensins tydens studie gebruik word nie. Selfone moet afgeskakel en buite sig wees, anders sal dit, volgens voorskrif, gekonfiskeer word.

- Alle graad 11 en 12 leerders mag met die goedkeuring van die superintendent in hul kamers studeer. Graad 9 en 10 leerders kan in uitsonderlike gevalle met die goedkeuring van die superintendent in hul kamers studeer. Alle graad 8 leerders studeer waar die superintendent hulle plaas.

8.3 EKSAMENSTUDIE

- Dit is 'n voorreg en nie ‘n reg om soggens tydens eksamens in die koshuis te studeer.

- Indien volle samewerking nie gegee word nie, sal hierdie voorreg verbeur word.

- Oggendroetine vir matrieks in eksamentye: Soos vasgetel deur skoolbestuur.

- Gedurende die Junie- en September eksamen sal die matrieks om 07:25 by die skool aantree, register hou en dan verdaag na lokale soos met hulle gereël.

- Leerders in Gr. 8 – 11 studeer soggens by die skool, tensy anders gereël.

- Indien ‘n leerder buitemuurse aktiwiteite voor 13:00 het, of boeke nodig het vir die tweede eksamen-/studeersessie moet hulle vooraf hul benodigdhede gereed kry en soggens saamneem skool toe. Die koshuis sal nie gedurende die dag oopgesluit word nie.

9. EETSAAL

9.1 As die eteklok lui, moet leerders dadelik aantree.

9.2 Indien ‘n leerder nie ‘n ete kan bywoon nie, moet hulle toestemming van die superintendent of personeellid aan diens daarvoor kry. Leerders hoef nie noodwendig te eet nie, maar die bywoning van etes is verpligtend. Etes is een van die daaglikse sessies waar kontrole en teenwoordigheid geneem word. Belangrike afkondigings word ook tydens ete gemaak.

9.3 Niemand mag, sonder toestemming, van die etes af wegbly nie. Indien ‘n leerder in die koshuis slaap, moet hulle alle etes bywoon, selfs gedurende eksamentye en naweke.

9.4 Personeellid en huiskomiteelede aan diens moet by die opskeppunt bly totdat hul koshuis klaar bedien is. Daarna moet hulle in die eetsaal bly totdat hul koshuis se leerders afgedek het.

9.5 Leerders moet te alle tye netjiese tafelmaniere aan die dag lê.

9.6 Probleme t.o.v. kos word onmiddellik deur leerders aan die superintendent, of die personeellid aan diens, of die matrone aan diens gerapporteer. Alle probleme sal deur die matrone in ‘n boek aangeteken word. Die probleme sal deur die koshuisbestuur aangespreek word.

9.7 Leerders kom netjies geklee, met skoene aan, na die eetsaal. Geen pantoffels, nagklere, swemklere, “spaghetti”-bandjie toppies, “wife-beater” hemde, musse of hoede nie.

9.8 Geen eetgerei of breekware mag uit die eetsaal verwyder word nie. Leerders wat hulle hieraan skuldig maak sal negatiewe punte ontvang.

9.9 Geen selfone mag tydens ete gebruik word nie.

9.10 Elke leerder is verantwoordelik om sy of haar eie eetgerei af te dek en seker te maak die tafel is in ‘n netjiese toestand sodat die volgende leerders daar kan sit.

9.11 Geen gaste of dagskoliere word sonder toestemming vir etes genooi nie.

9.12 ‘n Koskomitee bestaande uit leerders van elke koshuis, is beskikbaar waar leerders kan praat rakende etes en ander sake betreffende die eetsaal.

10. BEDDEGOED

10.1 Leerders gebruik hulle eie bedlinne.

10.2 Leerders moet hulle linne elke tweede week met skoon linne vervang.

10.3 Beddens mag nie net ‘n kombers oorhê nie – daar moet ‘n enkelbedduvet (geen driekwart of groter duvets nie) oor wees. Ekstra komberse moet netjies opgevou op die voetenent wees. Geen bedvalle word toegelaat nie. ‘n Laken is verpligtend.

11. BADKAMERS

11.1 Wasbakke, storte en toilette moet altyd skoon agtergelaat word. Vuil wasgoed wat in badkamers agtergelaat word, sal gekonfiskeer word.

11.2 Geen toiletware mag in die badkamer of op die vensterbanke gelaat word nie.

11.3 Geen leerders mag stort tydens studietyd, stiltetyd of na ligte uit sonder uitdruklike toestemming van die personeellid aan diens nie.

11.4 Sanitêre artikels moet altyd toegedraai word in sakkies wat voorsien word en in die asblik gegooi word. Geen sanitêre artikels mag in die toilette afgespoel word nie.

12. WASGOED

12.1 Klere moet soggens voor skool ingehandig word en kan weer die volgende middag afgehaal word.

- Maandae: Noordsig
- Dinsdae: Stalshuis
- Woensdae: Drostdy
- Donderdae: Bergsig

12.2 Ouers en leerders moet sorg dat alle klere duidelik gemerk is, naamlik voorletters, van, toelatingsnommer en die toepaslike koshuiskode (B/N/S/D).

12.3 Ongemerkte klere skep ‘n probleem en sal nie gewas word nie.

12.4 Sokkies en onderklere moet in twee aparte wassakkies binne die wasgoedsak gesit word.

12.5 Leerders moet die waslys voltooi, voordat hul klere gewas kan word. Waslyste word deur die washuis voorsien, en voltooide waslyste moet saam met vuil klere by die washuis ingegee word.

12.6 Kledingstukke wat self gewas word, mag nie op beddens, in die vensters of in die badkamers gehang word nie. Koshuise sal wasgoeddrade identifiseer waar leerders hul wasgoed kan hang om droog te raak.

13. SIEKTE & BESERINGS

13.1 Geen leerder mag op ‘n Sondagaand of Maandagoggend siek by die koshuis afgelaai word nie.

13.2 Alle leerders wat siek is, moet eers by die personeellid wat aan diens is rapporteer of gerapporteer word deur die huiskomiteelid. Die personeellid aan diens sal die leerder dan verwys na die Superintendent wat die leerder sal verwys na die algemene kantoor vir ‘n afspraak by ‘n dokter en/of hy sal die leerder se ouers kontak.

13.3 Doktersbesoeke word slegs vir noodsaaklike/dringende gevalle toegelaat. Leerders sal na die dokters se spreekkamer vervoer word, slegs met die ouers se toestemming..
Ouers is self verantwoordelik vir kostes aangaande leerders se medikasie en algemene ondersoeke.

13.4 Inhandiging van mediese sertifikate is die verantwoordelikheid van die ouers en die leerders. Alle mediese sertifikate moet by die algemene kantoor ingehandig word.

13.5 Indien ‘n leerder nie terugkeer na die skool of koshuis nie, moet die ouers die superintendent onmiddellik in kennis stel. Indien ‘n leerder deur ‘n geneesheer as ongeskik verklaar word vir minder ernstige beserings of siekte, moet die tydperk deur ‘n mediese sertifikaat bevestig word. Superintendente kan by die volgende telefoonnommers gekontak word: Drostdy – 0233422320, Huis Dr Stals – 0233422321, Noordsig – 0233422322 en Bergsig – 0233422323.

13.6 Leerders wat afgeboek word deur ‘n dokter vir een skooldag mag in die koshuis lê nadat die superintendent die mediese sertifikaat geteken het. So ‘n leerder mag nie die koshuis verlaat vir die dag waarop hy/sy afgeboek is nie. Etes moet egter steeds bygewoon word. Leerders wat vir twee of meer dae afgeboek word moet na hul ouerhuis gaan tot hulle gesond is.

13.7 Ouers moet self dekking en/of versekering uitneem om beserings se kostes te dek.

13.8 Ouers moet sorg dat alle mediese inligting van hul kinders aan die skool en koshuis bekend gemaak is en dat dit op datum bly.

13.9 Indien ‘n leerder ‘n sportbesering opdoen, is die betrokke opvoeder wat daardie aktiwiteit afrig, verantwoordelik om die leerder te vervoer na die hospitaal ens.

13.10 Geen leerder mag sonder toestemming van die superintendent in sy of haar kamer lê tydens studie, ete of skoolure as hul siek is nie. Die leerder moet eers aanmeld by die diensdoenende personeellid wat die superintendent in kennis sal stel.

13.11 Geen leerder mag medikasie aan ‘n ander leerder verskaf nie.

13.12 Dit gebeur van tyd tot tyd dat kopluise voorkom. Indien ouers of leerders bewus is van kopluise, moet dit aangemeld word. Die betrokke leerder sal gevra word om die koshuis tydelik te verlaat sodat die probleem by die huis aangespreek kan word.

14. SAKGELD

14.1 Geld kan by die superintendent ingelewer word vir veilige bewaring sodra dit ontvang word. Hierdie is slegs ‘n diens en is nie verpligtend vir leerders nie.

14.2 Geld en ander waardevolle artikels wat nie op bogenoemde wyse ingehandig is nie en verlore raak, is die leerder se eie verantwoordelikheid, tensy ‘n klag met bewysreg gelê kan word.

15. BESOEKE

15.1 Leerders mag nie gedurende studietyd of saans ná studietyd besoeke ontvang nie.

15.2 Geen dorpleerder mag iemand of iets in die koshuis kom haal nie.

15.3 DAAR WORD NIE BY BESOEKERS IN MOTORS GEKUIER NIE.

15.4 Buite die vasgestelde besoekure, sal ouers toegelaat word om boodskappe of pakkies by die verantwoordelike personeellid te laat.

15.5 Leerders moet binne die skoolterrein opgelaai en/of afgelaai word deur hulle ouers nadat dit met die diensdoenende personeellid gekommunikeer is.

15.6 Die personeellid aan diens sal onder alle omstandighede die mag hê, om na sy goeddunke, ‘n besoek te kanselleer of te verbied.

15.7 Geen leerder mag 'n ander koshuis as sy eie betree nie, tensy toestemming verleen is deur die betrokke personeellede aan diens.

15.8 Indien leerders besoek ontvang moet hulle by die goedgekeurde kuierplek by die koshuis kuier.

16. VERLOF

Die veiligheid van ons leerders bly een van ons hoofprioriteite. Die omgewing waarin ons leef en bly het deur die jare baie verander, en Drostdy moet aanpas by hierdie veranderinge. Leerders wat ons terrein verlaat word blootgestel aan ‘n omgewing wat nie beheer kan word deur ons nie, en daarom kan ons nie leerders se veiligheid buite die skoolterrein waarborg nie. Om hierdie rede sal verlof om die terrein te verlaat, onderhewig wees aan baie streng reëls.

16.1 Die skoolterrein mag nie sonder verlof van die superintendent verlaat word nie. Geen personeellede wat diens doen by die koshuise mag leerders toestemming gee om die terrein te verlaat nie. Slegs in hoogs uitsonderlike gevalle sal leerders toestemming verleen word om die terrein te verlaat. Indien 'n leerder die terrein verlaat sonder toestemming, neem die skool nie verantwoordelikheid vir sy/haar veiligheid nie. So ‘n leerder sal hulself blootstel aan summiere verhore deur die koshuisbestuur.

16.2 Indien ‘n ouer die leerder moet kom haal, moet die ouer ten minste 24 uur voor die tyd skriftelik met die koshuis reël. Alle versoeke om leerders uit te neem moet gerig word aan inskrywings@htsdrostdy.co.za Alle versoeke moet voor 13:00 gestuur wees. Dit skakel uit dat daar onnodig na ‘n leerder gesoek moet word, en ook dat daar voldoende kontrole in die

koshuise sal wees. Leerders wat deur hul ouers vir doktersafsprake geneem word moet die superintendent skakel voordat die leerder geneem word.

16.3 Daar is ten minste twee tuisnaweke per kwartaal. Tuisnaweke sal deur die skoolhoof van die skool bepaal word en leerders moet die koshuise verlaat vir die naweek. Die naweek duur vanaf die skoolsluiting op die laaste skooldag van die week tot en met die inkomtyd op die laaste dag van die naweek. Geen ete voor die eerste skooldag-ontbyt nie.

16.4 Die volgende moet in ag geneem word:

- Indien ouers die leerders nie persoonlik kom haal nie, moet hulle self alternatiewe reëlings tref.

- Nadat ‘n leerder by die koshuis aangekom het, is die koshuisreëls van toepassing en mag hy/sy nie weer die terrein verlaat sonder die nodige verlof nie.

- Naweekreëlings sal slegs deur die Superintendent of sy gedelegeerde gedoen word. Verlof om die koshuis en terrein te verlaat, is onderhewig aan die goedkeuring van die superintendent.

- As daar tuis sportwedstryde gespeel word, word daar van al die leerders verwag om die wedstryde te ondersteun. Die skoolbus na die Kaap sal vertrek na die afloop van die eerste rugbyspan se wedstryd op die Saterdag.

16.5 Leerders moet hulle sportverpligtinge afhandel, ongeag of hulle Vrydae huis toe gaan of nie.

16.6 Ouers aanvaar self verantwoordelikheid indien hul kind saam met iemand anders reis.

16.7 'n Leerder mag slegs met die nodige toestemming, die nag by die huis gaan slaap. Daar moet op die toestemmingsbrief duidelik aangedui word vir watter redes die leerders tuis sal wees.

16.8 Ouers moet self verantwoordelikheid aanvaar vir die veiligheid van leerders wat aktiwiteite buite die skoolterrein beoefen. Veilige vervoer moet deur die ouers gereël word.

16.9 Leerders mag slegs die terrein verlaat vir aktiwiteite wat deur die skool goedgekeur is. Indien die aktiwiteit per geleentheid nie plaasvind nie, mag die leerder nie die terrein verlaat vir 'n alternatiewe aktiwiteit nie. Hierdie aktiwiteite sluit in, klasse by die kunsskool en ekstra klasse.

16.10 Leerders moet gedurende naweke hulle inkopies doen, want hulle mag nie gedurende die week dorp toe gaan nie. Ouers en leerders moet vooruit beplan en leerders moet alles wat hulle mag nodig kry saambring wanneer hulle terugkeer koshuis toe.

17. BELEID EN PROSEDURE: TERREIN VERLAAT

Die veiligheid van ons leerders is prioriteit nommer een. Om hierdie rede sal die volgende reëlings baie streng toegepas word:

Daar is gewoonlik drie geleenthede waar leerders die terrein sal verlaat – met buitemuurse aktiwiteite, naweke en uitsonderlike geleenthede. Die prosedure om toetstemming vir die leerders te vra is soos volg:

- Buitemuurse aktiwiteite: Ouers moet skriftelik toetstemming gee vir elke aktiwiteit (insluitende dag, aanvangstyd en afsluittyd). Maak asseblief seker dat u bewus is van al die aktiwiteite waaraan u kind deelneem. Leerders hoef nie elke keer met weeklikse buitemuurse aktiwiteit uitgeteken te word nie. Indien die ouers se toestemmingsbrief ontvang is, is die leerder verantwoordelik om die tye na te kom. Die logistiek daaraan verbonde om elke leerder daagliks vir buitemuurs uit te teken is enorm, en is net nie prakties moontlik nie. Leerders mag slegs die aktiwiteit waarvoor spesifiek toestemming gegee is, bywoon. Indien die aktiwiteit by geleentheid nie plaasvind nie, mag die leerder nie die terrein verlaat vir 'n alternatiewe aktiwiteit nie. Indien die leerder vroeër terugkeer, moet hul dadelik by die koshuisroetine inval.

- Gimnasium: Lidmaatskap by die dorp se gimnasium word slegs toegelaat nadat ‘n leerder se aansoek goedgekeur is deur die koshuisbestuur. Leerders moet te alle tye hou by die voorgeskrewe reëls soos uiteengesit in die beleid rakende besoek van die gimnasium. Die skool voorsien nie vervoer na die gimnasium nie, en daarom moet ouers en leerders besef dat besoeke aan die gimnasium op eie verantwoordelikheid plaasvind.

18. BELEID – BESOEK VAN GIMNASIUM

Dit is ‘n voorreg om te kan oefen/swem by die gimnasium langs die skool (Motion Fitness), en nie ‘n reg nie. Die koshuiskomitee is die enigste komitee wat goedkeuring mag gee aan leerders om te kan oefen by die betrokke gimnasium.

Die volgende prosedure moet gevolg word:

1. Leerders moet ‘n aansoekvorm by hul superintendent kry, volledig invul en weer by hul superintendent inhandig.

Die superintendent lê die ingevulde vorm voor aan die koshuiskomitee met die komitee se volgende vergadering.

2. Die koshuiskomitee sal dan ‘n besluit neem, en die aansoek goedkeur of afkeur.
3. Die betrokke leerder mag eers dan begin om te oefen/swem by die gimnasium.
4. Superintendente moet kontrole hou van die aansoeke, en seker maak dat slegs leerders wat suksesvol was, die gimnasium besoek.

Die volgende sal in aanmerking geneem word wanneer die koshuiskomitee besluit rakende die toestaan van toestemming om die gimnasium te besoek:

1. Is die betrokke leerder bereid om die reëls onvoorwaardelik te aanvaar rakende die besoek van die gimnasium.
2. Neem die betrokke leerder aktief deel aan een somer- of wintersport wat aangebied word deur die skool.
3. Voldoen die betrokke leerder se akademiese uitslae aan die minimum vereistes (60%).
4. Is die betrokke leerder se dissiplinêre rekord aanvaarbaar vir die komitee.
5. Is die aansoekvorm volledig ingevul en het alle partye die vorm geteken.

Die volgende reëls en voorwaardes is nie onderhandelbaar nie:

1. Leerders besoek die gimnasium op eie risiko. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid rakende leerders se besoek aan die gimnasium nie. Dit sluit in die stap na en van die gimnasium, moontlike beserings wat opgedoen kan word in die gimnasium en verlies/skade van/aan persoonlike besittings van die leerders.
2. Besoek aan die gimnasium word slegs toegelaat nadat ‘n aansoek suksesvol afgehandel is.
3. Indien ‘n leerder aansoek doen om die gimnasium te besoek mag sy/haar koshuisgeld nie agterstallig wees nie.
4. Leerders wat nie hou by die vereistes/reëls nie verbeur die reg om die gimnasium te besoek. Geen lidmaatskapfooie sal deur die skool terugbetaal word nie. Betaalde lidmaatskap by die gimnasium gee nie leerders die reg om die gimnasium te besoek nie. Leerders en ouers moet besef dat dit ‘n vergunning is, en leerders moet by die reëls hou anders verbeur hulle die voorreg.
5. Suksesvolle aansoeke is slegs geldig vir die betrokke jaar en alle leerders moet jaarliks aansoek doen.
6. Leerders moet uitteken by hul koshuise voor hul vertrek na die gimnasium en onmiddelik met hul terugkeer weer inteken.
7. Leerders stap as een groep na die gimnasium en wel om 15:30. Geen leerders mag voor 15:30 na die gimnasium stap nie.
8. Leerders keer terug as een groep om 17:00. Geen leerder mag voor 17:00 vanaf die gimnasium stap nie. Die gimnasium beskik oor tafels en stoele waar leerders tuiswerk kan doen terwyl hulle wag vir die groep om terug te keer na die skool.
9. Geen leerders mag buite die gimnasium wees tussen 15:30 en 17:00 nie.
10. Alle lesse/klasse en oefensessies by afrigters/instrukteurs moet tussen 15:30 en 17:00 plaasvind. Geen ander tye vir besoeke aan die gimnasium sal goedgekeur word nie.
11. 11.1 Indien ‘n leerders hom/haar skuldig maak aan 5 oortredings by die koshuis of 5 waardeoortredings by die skool, verloor hy/sy die voorreg om die gimnasium te besoek vir 1 maand.

    11.2 Indien ‘n leerder skuldig bevind is deur die koshuisbestuur/skoolbestuur aan ‘n ernstige oortreding verloor hy/sy die voorreg om die gimnasium te besoek vir 6 maande. Die betrokke leerder moet na 6 maande weer aansoek doen om die gimnasium te besoek.

Hierdie reëls is daar vir die leerders se eie veiligheid en ook om beheer vir die koshuise moontlik te maak. Leerders wat hul nie hou by die reëls nie sal nie toegelaat word om die gimnasium te besoek nie.

- Naweke: Saterdagoggend word die onderskeie sportaktiwiteite bygewoon. Saterdagmiddag kan versoeke van verlof deur die personeellid aan diens toegestaan word. Hierdie verlof sal onderhewig wees aan streng voorwaardes. Die personeellid aan diens behou hom/haar die reg voor om enige versoeke om die verlaat van die terrein goed of af te keur indien die personeellid nie gemaklik voel met die versoek nie. Indien ‘n personeellid leerders toestemming gee om laat in te kom, sal die betrokke personeellid wag totdat betrokke leerders terug is by die koshuis. Die personeellid aan diens sal self die koshuis oopsluit en weer toesluit vir leerders wat laat inkom.

- Uitsonderlike geleenthede: Leerders wat tydens die week die terrein wil verlaat om bv. uit te slaap vir hul verjaarsdag, moet deur middel van e-pos, faks of brief, skriftelike toestemming van hul ouers hê. Maak seker dat ons dit op die laatste om 13:00 van die vorige dag ontvang, en die leerder se vertrek nie vertraag word deur die gebrek aan 'n brief nie. Die brief moet gerig word aan inskrywings@htsdrostdy.co.za Die toestemmingsbrief moet aandui wanneer die leerder vertrek, terugkeer en saam met wie hul die terrein sal verlaat en in wie se sorg hul sal wees tydens hul afwesigheid.

19. MOTORVOERTUIE

19.1 Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir die aanhou van motorvoertuie nie.

19.2 **Geen motorvoertuig** mag deur ‘n leerder op die terrein bestuur of geparkeer word nie. Ouers wat leerders met voertuie skool en koshuis toe stuur moet self veilige parkering buite die skoolgronde reël vir hul voertuie.

20. ONTGROENING

Geen ontgroening van nuwe leerders word toegelaat nie. Graad 8-leerders volg vir die eerste week ‘n spesifiek ontwerpte program om hulle meer tuis te laat voel.

21. APPARAAT

- Leerders mag by die superintendent aansoek doen om ‘n rekenaar by hulle te hê om take te doen.
- Leerders mag gedurende die laaste gedeelte van aandstudie op rekenaars, selfone en ander elektroniese apparaat aan skoolwerk werk.
- Indien leerders na ligte uit gevang word op sy rekenaar of selfoon, sal dit gekonfiskeer word vir ‘n minimum tydperk van 2 weke.
- Rekenaars moet toegesluit word na studietyd. Leerders bly self verantwoordelik vir hul rekenaars.

22. BELEID: SELFONE EN REKENAARS

- Selfone mag nie gedurende etens-, stilte-, inspeksietyd, of na ligte-uit gebruik word nie.
- Elektroniese apparaat soos rekenaars en selfone mag slegs tydens die laaste gedeelte van aandstudie gebruik word, maar slegs vir studiedoeleindes. Leerders mag nie na ligte-uit of op ongemagtigde tye die rekenaar gebruik vir ongeoorloofde doeleindes nie, bv. na ligte-uit films kyk. Rekenaars moet toegesluit word na studie.
- Indien ‘n leerder ‘n selfoon- of rekenaaroortreding begaan, word die toerusting aan die betrokke personeellid oorhandig, en sal die leerder die toepaslike aantal ordepunte ontvang.
- Die selfoon of rekenaar sal gemerk word met die leerder se naam op ‘n plakker en by die superintendent gestoor word.
- Indien die personeellid besig is met die diensprosedure moet die leerder geduldig wag tot die personeellid tyd kan kry om dit te administreer.
- Ouers en leerders moet kennis neem dat die koshuis of skool geen aanspreeklikheid aanvaar vir skade aan, die vernietiging of verlies van enige eiendom wat deur die leerder of sy/haar ouers op die koshuis- of skoolperseel gebring word nie, ongeag wie sodanige skade, vernietiging of verlies veroorsaak, hoe dit veroorsaak word, of dit deur iemand se optrede of versuim veroorsaak word, en of dit opsetlik of weens nalatigheid veroorsaak word. Die skool of koshuis aanvaar geen aanspreeklikheid nie. Leerders word aangemoedig om na alle eiendom wat op die skoolperseel gebring word, om te sien, en ouers van leerders word aangemoedig om self die nodige versekering teen sodanige skade, vernietiging of verlies uit te neem.

23. BELEID – YSKASTE IN KOSHUISKAMERS

Dit is ‘n voorreg om ‘n yskas is ‘n koshuiskamer aan te hou, en nie ‘n reg nie. Die koshuiskomitee is die enigste komitee wat goedkeuring mag gee aan leerders om ‘n yskas in hy/sy kamer te mag hê.

Die volgende prosedure moet gevolg word:

5. Leerders moet ‘n aansoekvorm by hul superintendent kry, volledig invul en weer by hul superintendent inhandig.
6. Die superintendent lê die ingevulde vorm voor aan die koshuiskomitee met die komitee se volgende vergadering.
7. Die koshuiskomitee sal dan ‘n besluit neem, en die aansoek goedkeur of afkeur.
8. Suksesvolle aansoekers betaal dan die voorgeskrewe fooi by die finansiële kantoor en neem die kwitansie na sy/haar superintendent.
9. Die leerder mag dan die yskas koshuis toe bring.
10. Superintendente moet kontrole hou van die aansoeke, en seker maak dat slegs leerders wat suksesvol was, yskaste mag hê.

<u>Die volgende sal in aanmerking geneem word wanneer die koshuiskomitee besluit rakende die toestaan van toestemming om ‘n yskas te mag hê:</u>

6. Is leerder bereid om die voorgeskrewe fooi te betaal.
7. Afstand wat leerder vanaf koshuis woon.
8. Senioriteit van leerder.
9. Hoeveelheid leerders in kamer. Slegs een yskas word per kamer toegelaat.
10. Verdienstelikheid van aansoeker.
11. Is daar voldoende ruimte in die aansoeker se kamer.

<u>Die volgende reëls en voorwaardes is nie onderhandelbaar nie:</u>

12. Yskaste word op leerders se eie risiko en verantwoordelikheid in koshuise aangehou. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir skade aan yskaste nie.
13. Yskaste word slegs toegelaat nadat ‘n aansoek suksesvol afgehandel is, en die voorgeskrewe fooi van R600-00 (2021) betaal is. Die voorgeskrewe fooi sal jaarliks hersien word.
14. Indien ‘n leerder aansoek doen om ‘n yskas aan te hou, moet sy/haar koshuisgeld nie agterstallig wees nie.
15. Slegs een yskas per kamer.
16. ‘n Yskas mag nie groter as 80L wees nie.
17. Geen verlengkoorde mag in kamer rondlê nie.
18. Yskaste moet te alle tye skoon en netjies wees.
19. Yskaste moet ontvries word en afgeskakel word gedurende vakansies.
20. Leerders wat nie hou by die vereistes nie verbeur die reg om ‘n yskas te mag aanhou, en geen gelde sal aan hom/haar of sy/haar ouers/voog terugbetaal word nie.
21. Suksesvolle aansoeke is slegs geldig vir die betrokke jaar en alle yskaste moet aan die einde van die jaar uit die koshuis verwyder word.
22. As ‘n inwoner van ‘n spesifieke kamer reeds toestemming gekry het om ‘n yskas aan te hou, sal die ander inwoners van die kamer se moontlike aansoeke nie oorweeg word vir goedkeuring nie.
23. Wanneer ‘n leerder wat toestemming gekry het om ‘n yskas aan te hou trek na ‘n kamer waar ‘n bestaande inwoner reeds met toestemming ‘n yskas aanhou, verbeur die leerder wat nuut in die kamer intrek die voorreg. Geen gelde sal terugbetaal word nie.
24. Geen vrieskaste mag aangehou word nie.
25. Al die hoofleiers van die koshuise en skool mag ‘n yskas aanhou.

24. TELEFOON

24.1 In dringende gevalle kan die superintendent of die skoolhoof geskakel word. Gedurende skoolure moet die Algemene Kantoor geskakel word as dit dringend is. (023) 342 2320/1/2/3. Nommers van die superintendente is verskaf by 11.5.

24.2 Boodskappe sal nie van leerders aanvaar word ten opsigte van verlof of afwesigheid nie. Ouers word versoek om die superintendent self te skakel, of wanneer nodig, die skoolhoof se kantoor.

25. SWEMBAD

25.1 Slegs swemklere mag in die swembad gedra word. Dogters moet ander klere bo-oor swemklere dra op pad na, en van die swembad af.

25.2 Seuns moet in ‘n donker kleur swembroek swem. Geen wit PT-broeke sal aanvaar word nie. Seuns mag nie kaal bolyf stap na en van die swembad nie.

25.3 Alle swemmery sal opgeskort word indien leerders met nat voete in die koshuis loop of nat kostuums/handdoeke in kamers of ander ontoelaatbare plekke hang.

25.4 Leerders mag mekaar nie instamp in die swembad of mekaar om die swembad jaag nie.

25.5 Slegs personeel is bemagtig om die swembad se hek oop te maak, en geen swem word toegelaat sonder die toesig van ‘n personeellid nie.

26. VERBODE TERREINE

Soos uitgesit deur superintendente.

27. DISSIPLINÊRE STRUKTUUR / TUG

'n Leerder wat enige van die bogenoemde reglemente oortree, sal straf opgelê word in ooreenstemming met die volgende:

Die finale besluit oor dissiplinêre sake berus by die Skoolhoof en Beheerliggaam. Die beheerliggaam behou die reg voor om veranderinge aan die dissiplinêre struktuur te bring, en om versagtende of verswarende omstandighede in ag te neem wanneer 'n oortreding gestraf moet word.

<u>Die normale prosedure aangaande positiewe en negatiewe punte is soos volg</u>:

- Punte word ingelees op 'n rekenaarprogram.
- Op 'n sekere datum (word deur die koshuis bepaal) word die punte uitgedruk en aan die leerders beskikbaar gestel.
- Daar sal kwartaalliks, op versoek van ‘n ouer/voog, 'n gedragsrekord, wat die punte uiteensit, beskikbaar gestel word saam met die skoolrapport.

Gedragskodering vir koshuise		
XA1	-2	Eet / drink in studiesaal
XA2	-2	Ongehoorsaamheid
XA3	-2	Laat vir studie
XA4	-2	Swak gedrag in publiek
XA5	-2	Onvanpaste optrede tydens studie en ete
XA6	-2	Gevaarlike speelgoed (klappers, paintball gun, ens.)
XA7	-2	Selfoongebruik (Selfoon word afgevat en word gehou tot einde van die week)
XA8	-2	Ontduiking van verantwoordelikheid
XA9	-2	Netheidsoortreding (persoon / kamer)
XA10	-2	Onregmatige gebruik van ander se eiendom
XA11	-2	Oortreding aangemeld deur koshuiskomitee
XA12	-2	Raas is koshuis
XB1	-4	Ongehoorsaamheid erg
XB2	-4	Ernstige verbale aggressie
XB3	-4	Obsene gebare
XB4	-4	Baklei
XB5	-4	Versprei onwaarhede van ander leerders (Leuens)
XB6	-4	Eiereg
XB7	-4	Swak gedrag / Onwelvoeglike optrede (meisies en seuns)
XB8	-4	Uittarting
XB9	-4	Selfoonvideo tot nadeel van skool en medeleerders
XB10	-4	Ontneem leergeleentheid in studiesaal/kamer
XC1	-8	Disrespekvolle optrede teenoor volwassenes
XC2	-8	Swak gedrag soos bv. kru taal
XC3	-8	Besit van onwelvoeglike materiaal
XC4	-8	Oneerlikheid (blatante leuens)

XC5	-8	Onaanvaarbare kleredrag
XC6	-8	Ernstige oortreding in publiek
XC7	-8	Afwesig van koshuisroetine
XC8	-8	Verwyder eetgerei of breekware uit die eetsaal.
XD1	-12	Herhaardelike pligsversuim (Soos bepaal deur personeel)
XD2	-12	Ernstige studiesaalontwrigting
XD3	-12	Onwelvoeglike gedrag
XD4	-12	Ernstige ontwrigting van koshuisroetine
XE1	-20	Gedrag en optrede wat die veiligheid van ander in gevaar stel en hulle regte skend.
XE2	-20	Die dreigement, met, besit of gebruik van ‘n gevaarlike wapen.
XE3	-20	Die besit, bewys van gebruik, oorhandiging of verskaffing van dwelmmiddels, onregmatige middels, alkohol of bedwelmende middele van enige aard.
XE4	-20	Gevegte, aanranding en mishandeling
XE5	-20	Immorele gedrag of godslasterlike optrede
XE6	-20	Skadelike graffiti, haattaal, seksisme of rassisme.
XE7	-20	Diefstal, hantering of besit van gesteelde eiendom.
XE8	-20	Vandalisme, vernietiging of ontsiering van koshuis- en skooleiendom.
XE9	-20	Oneerbiedige, afkeuringswaardige gedrag en beledigende taal wat teen opvoeders of werknemers van die skool of koshuis of ander leerders gerig is.
XE10	-20	Seksuele teistering of onwelvoeglike optrede van seksuele aard.
XE11	-20	Herhalende ontwrigtende optrede tydens studietye in die studiesaal of kamer, wat ander die reg ontneem om met hulle werk voort te gaan.
XE12	-20	Rook / Rokerskring (enige plek) en ander optredes wat tot brandstigting kan lei.
XE13	-20	Wegloop of dros uit koshuis. (Verlaat skoolterrein)
XE14	-20	Met lede van die teenoorgestelde geslag in koshuiskamers
XE15	-20	Onregmatig afwesig van skool. (Lê in koshuis)
XE16	-20	Onregmatig teenwoordig in koshuis.
XE17	-20	Besit van enige rookverwante items.

XH1	+12	Aanmeld van dief
XH2	+12	Aanmeld van ernstige oortreding
XI1	+8	Aanmeld van stokkiesdraaier
XI2	+8	Aanmeld van vandaal
XI3	+8	Aanmeld van oneerlikheid
XI4	+8	Aanmeld van ‘n roker
XJ1	+4	Inlewering van verlore item
XJ2	+4	Buitengewone hulpvaardigheid
XJ3	+4	Positiewe brief \ oproep van publiek
XJ4	+4	Akademiese prestasie
XJ5	+4	Positiewe reaksie op gesprek
XJ6	+4	Berispe medeleerder(s) oor ongewenste gedrag
XJ7	+4	Galante optrede
XK1	+2	Beskerming van ander se belange
XK2	+2	Slaag onafgekondigde netheid-\kamerinspeksie
XK3	+2	Vrywillige opruiming
XK4	+2	Ouerkontak deur korrespondensie
XK5	+2	Hulpvaardigheid
XK6	+2	Ondersteuning
XK7	+2	Rapportering van vreemdeling op terrein

Prosedure

- Die koshuisgedragskode word deur diensdoenende personeel en die huiskomitee toegepas en punte word aan leerders toegeken.
- Puntebriefies moet volledig voltooi word en geteken word.
- Puntebriefies van die vorige dag word die volgende oggend aan die superintendent oorhandig wat dit kontroleer.
- `n SMS word deur die skoolkantoor aan die ouers stuur.
- Die punte word op die D6 program inlees.
- Superintendente ontvang tweeweekliks opsommings van die punte.
- Indien `n koshuisleerder -20 punte verwerf het verskyn hy/sy voor die Koshuis Dissiplinêre Komitee (KDK) wat bestaan uit die Superintendent, een of meer diensdoenende personeel en hoofseun/hoofdogter van die koshuis.
- Tydens die KDK ontvang die leerder `n skriftelike waarskuwing. Die verhoor word in die voorvalle boek opgeteken en die leerder teken langs die inskrywing.
  Korrektiewe maatreëls kan insluit:
  - Detensie, skorsing en wegneem van voorregte.
- Die leerder se punte word skoongemaak.
- Indien `n leerder binne 6 maande weer -20 punte versamel verskyn hy/sy voor die Koshuisbestuur Dissiplinêre Komitee (KBK)
- Die KBK bestaan uit Mnr. C. le Roux (Hoof van koshuise), die superintendent en een diensdoenende personeellid.
- Hier ontvang die leerder `n finale skriftelike waarskuwing.
- `n Leerder wat `n kategorie E oortreding begaan wat volgens die superintendent baie ernstig is kan dadelik voor die KBK gedaag word sonder om eers voor die KDK te verskyn. Dit is egter altyd wenslik dat `n superintendent eerste sake hanteer. Hy en sy personeel ken die leerders in hul koshuis en kan sake dadelik aanspreek. Die Superintendent moet egter die voorlopige ondersoek doen en die ouers inlig rakende die oortreding/s en die verhoor.
- Indien ‘n leerder hom/haar skuldig maak aan die besit, bewys van gebruik, oorhandiging of verskaffing van dwelmmiddels, onregmatige middels of bedwelmende middele van enige aard sal die volgende sanksies geld:
  - ‘n Tydelike skorsing van 4 weke uit die koshuis.
  - ‘n Finale waarskuwing rakende die leerling se koshuisinwoning.
  - Indien die leerder hom/haar weer skuldig maak aan ‘n soortgelyke oortreding sal die leerder se koshuisinwoning permanent gestaak word.
- Die volgende vier oortredings:
  - Diefstal
  - Rook in die koshuis of koshuiskamer
  - Drankgebruik in die koshuis of koshuiskamer
  - Verlaat van terrein sonder toestemming,

  lei tot `n outomatiese tydelike skorsing van drie dae voor die KBK afgehandel word.
- Indien `n leerder hom/haar weer skuldig maak aan ernstige wangedrag binne dieselfde 6 maande en -20 of meer punte versamel of `n leerder se oortreding/s is van so aard dat die Koshuisbestuur dit goeddink word die leerder voor die Beheerliggaam Dissiplinêre Komitee (BDK) gedaag.
- Indien die leerder deur die BDK skuldig bevind word, word sy/haar koshuisinwoning summier tydelik of permanent opgehef.
- Alle dissiplinêre gesprekke en verhore moet in die voorvalleboek aangeteken word en die ouers moet persoonlik geskakel word. Ouers kan teenwoordig wees by alle KBK en BDK verhore.
- Alle dokumentasie moet op die leerder se koshuisleêr geplaas word.
- Neem kennis dat ouers steeds verantwoordelik is vir koshuisgeld gedurende die tydperk wat ‘n leerder geskors is.

28. BELEID: PORNOGRAFIE EN SEKSUELE PRAATJIES

- Elke ouer wat sy kind 'n normale geestesgesonde lewe gun, is verantwoordelik daarvoor om sy kinders te beskerm.
- Die koshuis het ook die verantwoordelikheid om die inwonende leerders te beskerm teen enige vorm van pornografie asook seksuele praatjies van enige aard en omvang.
- Daarom word elke insident van pornografie (multimedia pornografie ingesluit) en seksuele praatjies van enige aard en omvang, by die koshuis met die nodige dringendheid en erns hanteer.
- Die Onderwysdepartement het alle skole versoek om bewus te wees van die probleem van multimedia pornografie by skole.
- Die skool en koshuis beskou die besit van multimedia pornografie (of enige ander vorm daarvan) asook seksuele praatjies van enige aard en omvang, as 'n ernstige oortreding, en oortreders sal dienooreenkomstig hanteer word.
- Leerders moet besef dat die besit of verspreiding van multimedia pornografie 'n kriminele oortreding ingevolge die Wet op Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede (Wet 32 van 2007) is wat derhalwe strafregtelik vervolgbaar is.
- Leerders wat hulle skuldig maak aan die besit van enige aard van pornografie (multimedia pornografie ingesluit), of wat meedoen aan enige vorm van seksuele wangedrag, stel hulself bloot aan vervolging.

29. DROSTDY SE SKORSING EN UITSETTING

- Die besit, bewys van gebruik, oorhandiging of verskaffing van dwelmmiddels, ongemagtigde middels, alkohol of bedwelmde middele van enige aard.

Die volgende oortredings kan ook lei tot skorsing en uitsetting:

- Gedrag en optrede wat die veiligheid van andere in gevaar stel en hulle regte skend.
- Die dreigement, met, besit, of gebruik van 'n gevaarlike wapen.
- Die besit, bewys van gebruik, oorhandiging of verskaffing van dwelmmiddels, ongemagtigde middels, alkohol of bedwelmde middele van enige aard.
- Gevegte, aanranding of mishandeling.
- Immorele gedrag of godslasterlike optrede.
- Skadelike graffiti, haattaal, sekssisme en rassisme.
- Diefstal, hantering of besit van gesteelde eiendom.
- Vandalisme, vernietiging of ontsiering van skooleiendom.
- Oneerbiedige, afkeurenswaardige gedrag en beledigende taal wat teen opvoeders of werknemers van die skool of koshuis of ander leerders gerig is.
- Seksuele teistering of aanstootlike optrede van seksuele aard.
- Herhalende ontwrigtende optrede tydens studietye in die studiesaal of kamer, wat ander die reg ontneem om met hulle werk voort te gaan.
- Rook in koshuis en ander optredes wat tot brandstigting kan lei.
- Die besit van enige rookverwante items.
- Wegloop of dros uit koshuis.
- Met lede van die teenoorgestelde geslag in koshuiskamers verkeer.

Die Beheerliggaam kan, na 'n billike verhoor, 'n leerder uit die koshuis skors of uitsit wat skuldig bevind is aan die oortreding van die bepalings van die Gedragskode en die koshuisreëls. Die leerder kan, ingevolge die bepalings ten opsigte van uitsetting, by die Beheerliggaam appèl aanteken teen sodanige uitsetting.

30. DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET 84 VAN 1996

- Artikel 8A (2) van die SASW gelas die prinsipaal en sy of haar gedelegeerde om willekeurig enige groep leerders of die eiendom van ‘n groep leerders vir enige gevaarlike voorwerp of onwettige middel te deursoek, indien ‘n billike en redelike suspisie bestaan.
- Die prinsipaal en sy of haar gedelegeerde mag ook na willekeur urinetoetse of ander ingreepvrye toetse op ‘n leerder uitvoer. Hierdie aktiwiteite mag uitgevoer word op grond van ‘n billike en redelike vermoede.
- Die volgende mag ‘n aanduiding wees van die teenwoordigheid of gebruik van onwettige dwelms of gevaarlike voorwerpe:
    - Fluitjieblasers wat die skool inlig.
    - Die reuk van dagga op die skoolterrein of leerder.
    - Verslae vanaf ouers.
    - Spore van dwelms ensovoorts op die skoolterrein of leerder.
    - Dreigemente om gevaarlike wapens te gebruik teen leerders.
    - Besering as gevolg van die gebruik van gevaarlike voorwerpe.
    - Enige ander redelike aanduiding.
- Indien ‘n leerder weier om deursoek te word, of om ‘n urinetoets te neem, word die leerders se ouers gekontak. Indien die leerder steeds weier, word die saak by die SAPD aangegee, en die SAPD sal dan volgens die Kriminele Prosedure Wet van 1977 optree.

Algemeen:

Leerders en ouers moet besef dat ingeskrewe leerders by ‘n skool of skoolkoshuis onderhewig is aan die voorskrifte en regulasies van die SASW. Die gebruik van dwelmmiddels is nie toelaatbaar volgens die SASW nie. Leerders kan dus nie die gebruik van dwelmmiddels by hul ouerhuise of enige ander plek as verskoning voorlê vir ‘n positiewe dwelmtoets nie.

31. KOSHUISWAPENS



Gedragskodering: Koshuis

Naam van leerder:	Koshuis:
Registerklas:	Toelatingsnommer:
Oortreding/Kode:	Datum:
Verslag:	
Handtekening van leerder:	
Handtekening van onderwyser:	Onderwyseer kode:

Negatief					
XA1	-2	Eet/drink in studiesaal	XA7	-2	Selfoongebruik
XA2	-2	Ongehoorsaamheid	XA8	-2	Ontduiking van verantwoordelikheid
XA3	-2	Laat vir studie	XA9	-2	Netheidsoortreding
XA4	-2	Swak gedrag in publiek	XA10	-2	Onregmatige gebruik van ander se eiendom
XA5	-2	Onvanpaste optrede tydens studie/ete	XA11	-2	Oortreding aangemeld deur huiskomitee
XA6	-2	Gevaarlike speelgoed (Klappers ens)	XA12	-2	Raas in koshuis

XB1	-4	Ongehoorsaamheid - erg	XB6	-4	Eiereg
XB2	-4	Ernstige verbale aggressie	XB7	-4	Swak gedrag / Onwelvoeglike optrede
XB3	-4	Obsene gebare	XB8	-4	Uittarting
XB4	-4	Baklei	XB9	-4	Selfoonvideo
XB5	-4	Versprei onwaarhede van ander leerders	XB10	-4	Ontneem leergeleentheid tydens studie

XC1	-8	Disrespekvolle optrede teenoor volwassenes	XC5	-8	Onaanvaarbare kleredrag
XC2	-8	Swak gedrag soos kru taal	XC6	-8	Ernsige oortreding in publiek
XC3	-8	Besit van onwelvoeglike materiaal	XC7	-8	Afwesig van koshuisroetine
XC4	-8	Oneerlikheid (Blatante leuens)	XC8	-8	Verwyder eetgerei of breekware uit eetsaal

XD1	-12	Herhaalde pligsversuim	XD3	-12	Onwelvoeglike gedrag
XD2	-12	Ernstige studiesaalontwrigting	XD4	-12	Ernstige ontwrigting van koshuisroetine

XE1	-20	Gedrag en optrede wat die veiligheid van ander in gevaar stel en hul regte skend
XE2	-20	Die dreigement, met, besit of gebruik van 'n gevaarlike wapen
XE3	-20	Die dreigement, met, besit of gebruik van 'n gevaarlike wapen
XE4	-20	Gevegte, aanranding en mishandeling
XE5	-20	Immorele gedrag of godslasterlike optrede
XE6	-20	Skadelike graffiti, haattaal, seksisme of rassisme
XE7	-20	Diefstal, hantering of besit van gesteelde eiendom
XE8	-20	Vandalisme, vernietiging of ontsiering van koshuis- en skooleiendom
XE9	-20	Oneerbiedige, afkeuringswaardige gedrag en beledigende taal teenoor personeel en leerders
XE10	-20	Seksuele teistering of onwelvoeglike optrede van seksuele aard.
XE11	-20	Herhalende ontwrigtende optrede tydens studie in die studiesaal of kamer
XE12	-20	Rook / rokerskring (enige plek) en ander optredes wat tot brandstigting kan lei
XE13	-20	Wegloop of dros uit koshuis (Verlaat terrein)

XE14	-20	Met lede van die teenoorgestelde geslag in koshuiskamers
XE15	-20	Onregmatig afwesig van skool (Lê in koshuis)
XE16	-20	Onregmatig teenwoordig in koshuis
XE17	-20	Besit van enige rookverwante items

Positief					
XH1	12	Aanmeld van dief	XH2	12	Aanmeld van ernstige oortreding

XI1	8	Aanmeld van stokkiesdraaier	XI3	8	Aanmeld van oneerlikheid
XI2	8	Aanmeld van vandaal	XI4	8	Aanmeld van roker

XJ1	4	Inlewering van verlore item	XJ5	4	Positiewe reaksie op gesprek
XJ2	4	Buitengewone hulvaardigheid	XJ6	4	Berispe medeleerder oor ongewenste gedrag
XJ3	4	Positiewe brief oproep van publiek	XJ7	4	Galante optrede
XJ4	4	Akademiese prestasie			

XK1	2	Beskerming van ander se belange	XK5	2	Hulpvaardigheid
XK2	2	Slaag onafgekondigde inspeksie	XK6	2	Ondersteuning
XK3	2	Vrywillige opruiming	XK7	2	Rapportering van vreemdeling op terrein
XK4	2	Ouerkontak deur korrespondensie			